# ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Standard Bank Montana Marketlink Spaar
Rek no: 044396058/Bank Kode: 01594500

8 November 2012
Dagsê Almal

Weereens 'n week vol heerlike verrassings van God se genade gawes. Elke dag is vir ons soos 'n geskenkie wat oopgemaak word en ons staan vol verwagting op om dit dankbaar te geniet. Ons werk ook hard daaraan om nie die satan vatplek te gee aan die werk wat hier gedoen word nie. Bid asseblief vir hierdie huis en werk want ons word daagliks erg beproef.

Erna het gevra of iemand nie dalk 'n hangkassie vir haar het nie. Haar klere word tans in bokse gehou en dis nogal ongemaklik. Ek is ook op soek na 3 enkelbeddens vir Su-Marie, Tanya en vir Rosa. Rosa het so geskrik vir 'n spinnekop dat sy bo-op die bed gespring het en hom middeldeur gebreek het. Ongelukkig onherstelbaar. Sy is baie skaam daaroor. Sy is weer werksaam in die kombuis en haar gesindheid is vir almal 'n voorbeeld. Ek dank die Here vir hierdie geleentheid waar ons weereens kon bewys dat om te vergewe 'n gawe en nie ons reg is nie.

As iemand dalk wil help met die beplanning vir die 14de Desember se aflsuitingsfunksie sal ek dit waardeer. Baie dankie by voorbaat.

Ek het nog nie genoeg geskenk pakkies vir die bejaardes nie. Klein kospakkies vir enkellopendes of paartjies sal ook welkom wees.

Danie, Chantelle, seuntjie(3) en baba wat op pad is, is 'n gesin wat by die "scrapyard" gebly het, maar darem nou in 'n kamertjie ingetrek het. Hulle het egter nog nie 'n bababedjie nie. Ek het genoeg kleretjies en beddegoed om vir hulle te gee, maar doeke, handdoeke, bababadjie, waslap, room, sjampoe, poeier, oor stokkkies en ander baba goedjies is daar nie. Hulle benodig ook 'n borg vir die 4 weke wanneer ek nie hier gaan wees nie t.o.v. 'n weeklikse kospakkie asb.

Die volgende mense het ook nog nie borge vir die 4 weke wat die huis gesluit gaan wees vir kos nie:

- Lucy en John-Dre(6) Bouwer en haar ma Lucia woon saam.
- Jo-anne en Donovan(3) Bouwer
- Erna van Niekerk
- Sonja Bianchina
- Rosa Cooper
- Pieter Koekemoer
- Malcolm Smith

Ons kombuiskaste vra maaar soos altyd bietjie margarien, bovril, blikkieskosse soos vleis, vis en groente, aanmaak koeldrank, koffie, suiker, boksmelk en toiletpapier vir die badkamer asseblief.

Eljada Huis groete
Annatjie